



eduresourceza.com



Rondom my

Dawie de Jager

KONTEKSTUELE VRAE - ANTWOORDE

1.	Watter TWEE opeenvolgende woorde dui aan dat hy al voorheen te haastig was? "hierdie keer"	(1)
2.	In strofe 1 sien ons een van sy karaktertrekke. Haal EEN woord aan om die stelling te bewys. "haastigheid"	(1)
3.	3.1 Het hierdie karaktertrek enige negatiewe effek vir hom gehad? Sê net Ja of Nee. Ja 3.2 Gee 'n voorbeeld om jou antwoord te bewys. Dit het hom veels te veel keer ondergekry.	(1) (1)
4.	Wat beteken dit as iets jou onderkry? Moedeloos of hulpeloos maak.	(1)
5.	Hoe verskil versreëls 1 en 2 van mekaar en watter ooreenkoms is daar? 1. Hy <u>wil</u> sy tyd vat 2. Hy <u>moet</u> sy tyd vat Hy wil nie net sy tyd vat nie, hy moet sy tyd vat. Hy sal <u>tyd</u> moet gebruik.	(2)
6.	Haal 'n versreël aan wat beteken dat hy dikwels moedverlore was. "het my al veels te veel keer"	(1)
7.	Watter soort spreker vind ons in die gedig? Ek-spreker.	(1)
8.	Watter versreëls is voorbeelde van herhaling en wat is die funksie daarvan? Versreëls 1 en 2, 7 en 8, 5 en 6, 14 en 16, 17 en 18, 19 en 20. Dit beklemtoon dat hy sy tyd wil neem en skep eenheid. Omdat dit eintlik 'n lied is, is die herhaling belangrik vir die ritme en vloei van die lied.	(2)
9.	Watter vorm van halfrym kry ons in versreël 4? Sterk assonansie en dan ook alliterasie.	(1)
10.	Watter funksie verrig dié tipe halfrym? Dit beklemtoon sekere aspekte. / reuse klankryl	(1)
11.	Wat noem ons dit as 'n woord, versreël 5, alleen in 'n versreël geplaas word en wat is die funksie daarvan? Alleenplasing. Dit word sodoende beklemtoon.	(2)

12. "Blou" se betekenis in versreël 9 is **NIE**:

- heimwee
 - blou oë
 - droefheid
 - hartseer
 - 'blues' soos in Engels, nie.
- blou oë

(1)

13. Haal **VIËR** opeenvolgende woorde uit strofe 2 aan wat aandui dat iets haar ook onderkry.
"jou ook nog pla"

(1)

14. Waarvan, dink jy, hou dit haar terug?
Sy is seergemaak en sy verstaan nie. Sy is ook bang.

(1)

15. Die spreker wil haar verander. Verduidelik waarom die stelling **ONWAAR** is.
Hy sê vir haar sy moet net haarself wees en vir hom wys wie sy is en wie sy graag wil wees.

(2)

16. Kies **TWEE** moontlike antwoorde. Reëls 12 en 13 is 'n:

- bevel
- versoek
- stelling
- wens
- uitnodiging

versoek; uitnodiging

(2)

17. Wat is die hoofgedagte in strofe 3? Gebruik jou eie sin of sinne om die vraag te beantwoord.
As sy wil tyd hê, moet sy nie haastig wees nie, maar hy vra haar om naby hom te wees terwyl sy nadink.

(2)

18. Wat beteken die titel, "Rondom my"?
Naby hom te wees, eintik asof sy hom omkring.

(1)

19. Wat noem ons die drie weglatingspunte aan die einde van die voorlaaste versreël en wat is die funksie daarvan?
Ellips. Dit is asof hy wil hê sy moet nadink oor sy voorstel: "net as jy wil".

(2)

20. Wat sou jy daar kon invul?
-naby my wees, of -'n rukkie tyd vat.

(1)

21. Die spreker is selfsugtig. Sê waarom jy nie saamstem nie deur ten minste **TWEE** redes te gee.
Hy dwing haar nie, maar vra haar en gee haar die keuse.

(2)

22.	Is die woord, "blou", in strofe 2 konnotatief of denotatief gebruik? Verduidelik waarom jy so se deur albei opsies te gee. Konnotatief. As blou die kleur van haar oë was, sou dit denotatief wees. Dit is konnotatief, want dit verwys na hartseer of droefheid en onsekerheid wat figuurlik bedoel is.	(3)
23.	Ons het hier 'n <u>vrye vers</u> omdat die gedig nie 'n vaste rympatroon het nie.	(1)
24.	Wat is die tema van die gedig? Liefde	(1)
25.	Gee ten minste DRIE redes waarom ons kan sê dat hierdie gedig 'n liriese gedig is. • Die herhaling en enjambement is eie aan die lied en beklemtoon belangrike gedagtes, maar is veral belangrik vir ritme en die vloei van die lied. • Die herhaling loop dikwels uit op 'n refrein. • Daar is baie herhaling van sinne en woorde soos ons in die gedig sien. • Daar is dikwels 'n ek-spreker wat vir 'n gehoor vertel hoe hy/sy voel. • Dit is soms baie emosioneel. • Dit is baie klankryk met 'n spesifieke ritme en herhaling wat dikwels op 'n refrein uitloop.	(3)
26.	Hoe gaan hy sekerheid oor die verhouding kry? Hy wil haar goed leer ken sodat hy haar kan verstaan. Eers dan sal die verhouding kan werk.	(2)
27.	Gee 'n voorbeeld van enjambement en gee die funksie daarvan. Die hele eerste strofe is enjambement. Dit laat die strofe vloei en versnel die tempo.	(2)
28.	Is daar enige progressie in die gedig? Verduidelik. Ja. Eerste strofe: Die ek-spreker wil sy tyd neem in die verhouding, want hy is gewoonlik te haastig en tree verkeerd op In die tweede strofe praat hy met sy geliefde. Hy wil haar leer ken, net soos sy is en sy moet haarself wees. In die derde strofe wil hy haar naby hom hê, maar hy gee haar die keuse, dwing haar nie.	(2)
29.	Haal 'n voorbeeld van binnerym aan. "Kom wees net jy, kom wees net jy".	(1)
30.	Van watter musiekgroep is die digter 'n lid? Klopjag	(1)
31.	Wat gebruik die digter om sy gedig te laat vloei? Herhaling en enjambement.	(1)

32.	Verduidelik kortliks wat jy dink "die haastigheid" in hom was. Hy het homself, of vir haar nie genoeg tyd gegee om mekaar te leer ken nie. Hy was oorhaastig met sy besluite. Hulle was nie genoeg saam nie.	(3)
		[50]

KONTEKSTUELE VRAE - ANTWOORDE

1.	1.1 Wat beteken die titel? 'n Perkamentrol waarvan die skrif afgekrap is, dan kan dit weer gebruik word. (1) 1.2 Hoe pas hierdie titel in die gedig? Bespreek. Hout word gebruik om papier waarop geskryf word, te vervaardig. (1)	
2.	2.1 Wanneer, dink jy, is die lug NIE kreukelloos nie? Wanneer dit bewolk is. / Wanneer daar baie wolke in die lug is. (1) 2.2 Is dit konnotatief of denotatief gebruik? Konnotatief/Aguurlik (1) 2.3 Verduidelik jou antwoord. Kreukels is letterlik, bv. jou rok kan gekreukel wees en jy stryk dit om die kreukels uit te stryk. (1)	
3.	Hoe, dink jy, kan bome skryf? Gee ten minste DRIE maniere. Gebruik jou verbeelding. 1. Die blare kan ritsel en beweeg. 2. Die takke kan swaai in die wind en so "skryf". 3. Die kleurverandering in verskillende seisoene. 4. Hulle "skryf" die jaarringe. (3)	
4.	Waarna verwys "die blou" in die eerste strofe? Die blou lug. (1)	
5.	Waarna verwys "pyn ring op ring" moontlik ook? Dit gaan nie net oor die bome nie, maar veel dieper. Dit kan verwys na die mens se tyd op aarde en die pyn wat die mens ervaar. Net soos bome, word die mens ook een of ander tyd "afgekap". (2)	
6.	Hoe vernietig die mens die bome? Die mens kap die bome met byle af. (1)	
7.	Watter soort spreker vind ons in die gedig? 'n Derdepersoon-verteller: "stil net tot hy kletterend met sy tikmasjien" (1)	

8.	8.1 Wat is die tema van hierdie gedig? Dit gaan oor die vernietiging en herskepping van veral die natuur. 8.2 Verduidelik jou antwoord. Die bome word vernietig om in die mens se behoeftes te voorsien. Die hout word verwerk tot papier waarop geskryf word. Die bome herleef weer deur die papier waarop ons skryf. Die digter, maar ook ons, skryf op die produk van die bome.	(1)										
9.	Wat beteken "gamma"? Dis die derde letter van die Griekse alfabet; die "g" in ons alfabet.	(1)										
10.	Gee 'n voorbeeld van kontras of teenstelling in die gedig. Die stilte van strofe 1 kontrasteer met die "kletterend(e)" klank van die tikmasjien van strofe 2.	(1)										
11.	Waardeur word die woord, "stil" in versreël 8 beklemtoon? Gee twee maniere. Deur die tipografiese wit, na die kort versreël en die wit tussen die strofes en die kommapunt. Die omgekeerde woordorde / inversie wat "stil" in 'n belangrike posisie plaas en dan ook die herhaling van stil aan die begin van die vlg. strofe.	(2)										
12.	Pas die beeldspraak of stylfigure in KOLOM B by KOLOM A. <table border="1"> <thead> <tr> <th>A</th> <th>B</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1 Klanknabootsing</td> <td>A. "Meulens saag en maal"</td> </tr> <tr> <td>2 Alliterasie</td> <td>B. "en pulp en plet die hout"</td> </tr> <tr> <td>3 Personifikasie</td> <td>C. "Stil, net tot hy kletterend"</td> </tr> <tr> <td>4 Assonansie</td> <td>D. "Bome skryf teen die blou"</td> </tr> </tbody> </table> 1 = C ; 2 = B ; 3 = D ; 4 = A.	A	B	1 Klanknabootsing	A. "Meulens saag en maal"	2 Alliterasie	B. "en pulp en plet die hout"	3 Personifikasie	C. "Stil, net tot hy kletterend"	4 Assonansie	D. "Bome skryf teen die blou"	(4)
A	B											
1 Klanknabootsing	A. "Meulens saag en maal"											
2 Alliterasie	B. "en pulp en plet die hout"											
3 Personifikasie	C. "Stil, net tot hy kletterend"											
4 Assonansie	D. "Bome skryf teen die blou"											
13.	Wie is verantwoordelik vir die vernietiging? Die mens.	(1)										
14.	14.1 Wat noem ons die herhaling van voegwoorde in versreëls? polisindeton 14.2 Haal die versreëls aan. "Meulens saag en maal en pulp en plet die hout" 14.3 Wat is die funksie daarvan in die gedig? Dit beklemtoon die proses.	(1) (1) (1)										

Downloaded from eduresourceza.com

15.	Waarna verwys "ring op ring"? Daar kan twee betekenisse wees. Dink aan bou en water. Dit sluit aan by die boomringe. Wanneer die boom afgekap word, word dit stil, maar dan word die hout papier. Die digter tik sy gedigte op papier en dan rimpel die boodskap "ring op ring" verder uit. (As jy 'n klippie in die water gooi, kring dit uit)	(2)
16.	Waaroor, dink jy, gaan die gedig wat die digter op sy tikmasjien tik? Moontlik vertel hy die storie van die boom, vernietiging en herskepping.	(2)
17.	Wat is die funksie van enjambement? Enjambement versnel die tempo, want jy lees aaneen, sonder om te stop.	(2)
18.	Gee 'n voorbeeld van binnerym uit die gedig. "en pyn ring op ring"	(1)
19.	Watter soort vers is dit as daar nie 'n vaste rymskema is nie? Vrye vers - daar is geen vaste rymskema nie.	(2)
20.	20.1 Gaan dit net oor die skryfproses in die gedig? Motiveer jou antwoord. Sê net: JA of NEE <u>Nee</u> 20.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. Dit gaan ook oor die "gamma van woord", want die mens skryf op die papier en dit gaan dus ook oor die mens se tyd op aarde en die pyn wat hy soos die "boom" by tye ervaar.	(1) (2)
21.	Waarom kan ons die gedig 'n moderne Engelse sonnet noem? Dit het die bou en beeld en toepassing van die Engelse sonnet, maar die rymskema verskil heeltemal.	(3)
22.	Noem die VYF prosesse waardeur die hout gaan. Vel, saag, maal, pulp en plet.	(5)
23.	Wat is die verband tussen "grein" en "dein"? Die "grein" is die hout wat tot papier verwerk word, dan "dein" dit uit en herleef.	(2)
		[5]



Ek het 'n huisie by die see H.A. Fagen

KONTEKSTUELE VRAE

1.	1.1 Noem DRIE sintuie wat in die gedig gebruik word. Gehoorsintuig; Gesigsintuig; Gevoel. 1.2 Gee 'n voorbeeld van elk. "Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan" } (Gehoorsintuig) Versreëls 2, 5, 10 en 11 (enige een) "My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig." (Gesigsintuig) "hierbinne is dit veilig, warm en dig." (Gevoel)										
2.	2.1 Skryf TWEE teenstellende woorde uit versreël 8 neer. "vind" en "soek" 2.2 Wat doen die verlore siele en waarom doen hulle dit? Hulle soek en dwaal, want hulle kan nie rus vind nie.										
3.	3.1 Wat is die funksie van die verkleinwoordjie in die titel? Om te sê dat die huisie klein is teenoor die magtige elemente en dis ook liefdevol. 3.2 Behalwe vir die verkleinwoord in die titel, is daar enigiets anders wat jou laat dink die huis is klein? Verduidelik. Die verkleinwoorde wat in die gedig gebruik word: vuurtjie en kersie, pas by 'n klein huisie.										
4.	Watter elemente vind ons in die gedig en wat is elkeen se funksie in hierdie gedig? 1. Die wind waai sterk en loei en huil. 2. Die see met sy branders slaan hard teen die rots. 3. Die weer: Dit stortreën en weerlig en blits.										
5.	Pas KOLOM B by KOLOM A, sodat die beeldspraak of stylfiguur by die aanhaling pas. <table border="1"> <thead> <tr> <th>KOLOM A</th><th>KOLOM B</th></tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1. "al dwalend klagend wat in graf en dood"</td><td>A. Personifikasie</td></tr> <tr> <td>2. "Ek hoor die winde huil - 'n kreun, 'n klag. soos van verlore siele in hul nood"</td><td>B. Enjambement</td></tr> <tr> <td>3. "Ek hoor die winde huil -"</td><td>C. Vergelyking</td></tr> <tr> <td>4. ". . . wat in graf en dood geen rus kon vind nie. . ."</td><td>D. Assonansie</td></tr> </tbody> </table> 1 = D; 2 = C; 3 = A; 4 = B.	KOLOM A	KOLOM B	1. "al dwalend klagend wat in graf en dood"	A. Personifikasie	2. "Ek hoor die winde huil - 'n kreun, 'n klag. soos van verlore siele in hul nood"	B. Enjambement	3. "Ek hoor die winde huil -"	C. Vergelyking	4. ". . . wat in graf en dood geen rus kon vind nie . . ."	D. Assonansie
KOLOM A	KOLOM B										
1. "al dwalend klagend wat in graf en dood"	A. Personifikasie										
2. "Ek hoor die winde huil - 'n kreun, 'n klag. soos van verlore siele in hul nood"	B. Enjambement										
3. "Ek hoor die winde huil -"	C. Vergelyking										
4. ". . . wat in graf en dood geen rus kon vind nie . . ."	D. Assonansie										

6.	Hoe voel die spreker in sy huisie? Hy voel veilig, warm en gelukkig.	(3)
7.	Hoe verskil die toestande binne sy huisie van die toestande daarbuite? In die huisie brand 'n vuurtjie. Daar is lig, want daar brand 'n kersie. Dis stil en rustig, want die vensters is dig daarom is dit veilig en droog. Dis koud buite. Dis donker, want dis nag. Al lig buite is weerlig en donderweer en dis nat. Die wind waai sterk, die branders raas. Daar is dus baie lawaai buite - dis gevaarlik.	(2)
8.	Gee TWEE funksies van die enjambement in die gedig. 1. Dit versnel die tempo. 2. Dit bind gedagtes.	(2)
9.	Waarom dink jy, word "aaneen" in die versreël herhaal? Dit beklemtoon die aanhoudende, ritmiese beweging van die golwe. Dit hou aan en aan.	(1)
10.	10.1 Die gedig is 'n sonnet. Watter soort sonnet is dit? Dit toon ooreenkomste met 'n Engelse sonnet. 10.2 Noem VIER kenmerke van die sonnet. 1. Die gedig het 14 versreëls en een deurlopende stroom gedagtes. 2. Dit word deur twee slotreëls afgesluit. Die rymende koeplet is die samevatting/gevolgtrekking. 3. Die rymskema in die gedig is: abba/cddc/effe/gg, <u>maar</u> 4. Die rymskema van 'n tipiese Engelse sonnet is egter: abab/cdcd/efef/gg.	(1) (4)
11.	Vul die ontbrekende woorde in. Wanneer 'n teks gebaseer is op 'n ander teks, noem ons dit <u>intertekstueel</u> . Hierdie teks is gebaseer op 'n <u>gelykenis</u> in die <u>Bybel</u> .	(3)
12.	Wat dink jy, is verantwoordelik vir die atmosfeer in sy huisie? Die veiligheid, die warmte van sy vuurtjie en die lig van sy kersie.	(4)
13.	Verduidelik die progressie in die gedig. 1. Beskrywing van die storm daar buite. 2. Die beskrywing van die veiligheid van die binnekant van sy huisie. 3. Die uitdaging aan die elemente om sy huisie te beskadig. Hy vrees dit nie, want hy weet hy is veilig. Sy geloof in sy God is die rots waarop sy huisie staan.	(3)
14.	Wat is die dieper betekenis in die gedig? Dis die spreker se geloof wat hom teen die aanslae van die lewe beskerm.	(2)



KONTEKSTUELE VRAE - ANTWOORDE

1.	1.1 Verduidelik wat die titel van die gedig vir ons wil sê. Dit is nie <u>die</u> of 'n kat nie, dis net "huiskat". Dit handel oor huiskatte oor die algemeen. Dit kan enige kat wees. Die meeste katte tree dieselfde op. <i>Daar is nie 'n kat word wees</i> 1.2 Watter soort spreker het ons hier? Haal 'n versreël aan om jou antwoord in 1.1 te bewys. Ek-spreker / Eerstepersoon-spreker. "Ek hol <u>my</u> hand behoedsaam, smalend sluit" OF "sy haar oë, kronkel by <u>my</u> greep verby."	(2)
2.	2.1 Wat beteken die woord, "luiperdlies"? Die kat is deel van die kat-familie en het kenmerke van 'n luiperd. Haar lies lyk soos 'n luiperd s'n, sonder die kolle. 2.2 Wat noem ons die beeldspraak/stylfiguur ("luiperdlies")? Metafoor 2.3 Verduidelik jou antwoord in 2.2. Haar lies lyk soos 'n luiperd s'n. Die beeld word direk gebruik sonder die "soos" in 'n vergelyking.	(1) (1) (2)
3.	3.1 Is die laaste versreël, kwatryn 1, konnotatief of denotatief gebruik? Konnotatief 3.2 Verduidelik jou antwoord in 3.1. Die keel en bors en buik kan nie <u>suig</u> nie. Dit het meer die betekenis van om die hitte op jou te voel. 'n Mens suig aan lekker's of iets.	(1) (3)
4.	Haal 'n woord in strofe een aan wat dieselfde as "genoeglik" beteken. "Behaaglik"	(1)

5. Pas KOLOM B by KOLOM A, sodat die beeldspraak of stylfiguur by die aanhaling pas. Skryf slegs die regte letter by die nommer neer.

KOLOM A

KOLOM B

1. "Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel en anoniem."	A. Assonansie
2. "Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel"	B. Inversie
3. "... Smal skerwe van agaas, staar koud uit die driehoekige gelaat"	C. Vergelyking
4. "sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit"	D. Polisindeton
5. "... smalend sluit sy haar oë, kronkel by my greep verby."	E. Alliterasie
6. "rol om en lê fluwelig oopgevelek dat keel <u>en</u> bors <u>en</u> buik die son kan suig."	F. Metafoor

1 = E; 2 = C; 3 = F; 4 = A; 5 = B; 6 = D.

(6)

6. Hoekom is "reggemaak" tussen aanhalingstekens?
Dit is 'n woord wat in die volksmond gebruik word vir gesteriliseer. (1)
7. Watter woord in die laaste strofe ondersteun die woord, "reptiel", in die eerste strofe? Verduidelik.
"kronkel"
Die beweging is soos 'n reptiel, bv. 'n slang kronkel. (2)
8. Gee TWEE funksies van enjambement in die gedig.
1. Die leser kan daardeur die lui aaneenlopende bewegings van die kat visualiseer.
2. Dit verdoesel die streng rym van die sonnet. (2)
9. Wat dink jy, is die funksie van inversie in die gedig?
Die woord waarmee jy jou sin begin, ontvang meer klem.
"smalend sluit sy haar oë." Daar (1)
10. 10.1 Die gedig is 'n sonnet. Watter soort sonnet is dit?
Italiaanse sonnet. (1)
10.2 Noem VIER kenmerke van die sonnet.
1. Bestaan uit 14 versreëls.
2. Die eerste 8 versreëls is die oktaaf en word verdeel in twee kwatryne van vier versreëls elk.
3. Die volgende ses versreëls is die sestet wat in 2 tersines van drie versreëls elk verdeel word.
4. Die rymskema is gewoonlik abba/abba/cdc/cdc. "HuisKat" wyk hiervan af: abba/cddc/eff/ggh.
5. Daar is 'n beeld in die oktaaf en 'n toepassing in die sestet. (4)
11. Vul die ontbrekende woorde in.
Die kat keer as 'n monnik teerheid wys.
As jy haar wil streel/vryf, sluit sy haar oë en kronkel jou hand verby. (3)

12.	12.1 Skryf al die woorde wat die kat se voorkoms beskryf; neer. Haar oë lyk soos skerwe agaas, driehoekige gesig, lenig, los, Fluwelig. 12.2 Skryf die woorde wat die kat se geaardheid / persoonlikheid beskryf, neer. Eenselwig, smalend, geen teerheid nie, koud, behaaglik, arglistig.	(4) (4)
13.	Hoe voel jy oor die gedrag van die kat? Verduidelik hoekom jy so voel. (Eie gevoel) Dit is die aard van die meeste katte om hulself eerste te stel en baie op hulleself aangewys te wees. Hulle loop rond en het jou net soms nodig. Hulle is so geskape en daarom moet ons hulle so aanvaar.	(3)
14.	Watter woord sal jy as 'n eufemisme beskou? Waarom? "reggemaak" Dit is 'n woord wat die harde woord, gesteriliseer, versag.	(2)
15.	Watter teenstelling is daar in 'n kat se voorkoms en sy geaardheid / persoonlikheid? (eie gedagtes) Die kat is so sag van buite en so koud van binne. Sy uiterlike en innerlike weersprek mekaar. Brei uit.	(4)
		[50]

By die robot in Eerstelaan

Marita van Aswegen

KONTEKSTUELE VRAE - ANTWOORDE

1.	Verduidelik watter TWEE betekenisse die titel kan hê. Die titel sê dat die gebeure by 'n spesifieke verkeerslig afspeel - (Letterlike betekenis). Die titel kan ook 'n figuurlike betekenis hê - dat die blinde ^{word} soos 'n robot rondgelei word.
2.	Haal DRIE woorde uit strofe 1 aan wat aandui dat daar twee mense wat oor die teer loop, is. "twee pare voete"
3.	"ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan" 3.1 Watter woord in hierdie versreël dui aan dat die blinde man gelei word? "ingehaak" 3.2 Haal 'n woord uit die versreël aan wat beteken dat die man wat gelei word nie teestribbel nie. (doesn't resist/is demur) "gedwee"
4.	Verduidelik hoekom ons sê daar is assonansie in versreël 4. "waar hulle gaan" - Die "aa"-klank word kort na mekaar in dieselfde versreël herhaal. <i>Die is die herhaling van die verhoor</i>
5.	5.1 Skryf 'n voorbeeld van alliterasie in die eerste strofe neer. Onderstreep die klanke en gebruik aanhalingstekens. "sy arm en nek <u>so</u> <u>st</u> yf en <u>s</u> eer" (Versreël 2) 5.2 Wat is die funksie van die gebruik van alliterasie? Dit beklemtoon hoe styf en seer sy arm en nek is.
6.	Wanneer besef ons vir die eerste keer dat die bedelaar blind is? Skryf die versreël neer. "ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan" (Strofe 1, versreël 4)
7.	Watter woord in strofe 2 dui aan dat iemand besig is om te bedel? "blikkie"
8.	"motors se bande <u>knars</u> tot stilstand" (Versreël 5) Kies die korrekte antwoord. Die funksie van die klanknabootsende woord, "knars", suggereer dat • daar 'n botsing is. • remme aangeslaan word. • 'n motorband bars. • remme aangeslaan word
9.	"hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan" (versreël: 7) 9.1 Wat hoor die blinde man wat daar toe lei dat hy die vis-en-tjipswinkel ruik? Die "geklingel" van die geld in die blikkie

9.2	Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Die blinde man ruik waarskynlik die vis-en-tjips omdat hy (honger/styf) is. honger	(1)
0.	Uit watter versreël in strofe 2 lei ons af dat die spreker simpatiek teenoor die blinde man voel? "hier by die robot waar hy die dag omstaan" (Versreël 8)	(1)
1.	In strofe 3 swik die blinde man se voet. Een van die redes dat die blinde man sy voet swik, is sy blindheid. Noem nog 'n moontlike rede. Die tsotsi ruk en pluk hom aan sy arm.	(1)
2.	12.1 Haal 'n woord uit strofe 3 aan wat daarop dui dat die tsotsi soos 'n slang klink wanneer hy met die blinde man praat? "sis" 12.2 Dit is funksioneel dat die tsotsi soos 'n slang klink as hy met die blinde man praat. Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. Net soos sommige mense bang vir slange is, is die blinde man bang vir die tsotsi.	(1) (2)
3.	Waar mee dreig die tsotsi die blinde man in strofe 3? Die tsotsi dreig die blinde dat hy hom nie sal terugneem na sy lêplek as hulle nie genoeg geld kry nie.	(2)
4.	Hoe weet ons dat die tsotsi drank met die bedelgeld koop? Die tsotsi se asem ruik na drank. (Versreël 12)	(1)
5.	Kies die korrekte antwoord. "sy hart klop so vinnig soos dié van 'n bang kind" (Versreël 13), is • klanknabootsing • personifikasie • 'n vergelyking • 'n vergelyking	(1)
6.	Hoekom is die blinde man so bang in strofe 4? As die tsotsi hom daar los, sal hy nie weer sy lêplek kan vind nie.	(1)
7.	Haal VIER woorde aan wat suggereer dat die verkeerslig na groen verander in strofe 4? "die enjins brul saam"	(1)
3.	Verduidelik die moontlike betekenis van: 18.1 "sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan" (Versreël 16) Dit beskryf die vrees van die blinde. Dit is asof hy hulp uit die hemel vra. 18.2 Hoekom is hierdie beskrywing van sy oë funksioneel? "Dowwe" beklemtoon sy blindheid.	(1) (1)

19.	"sy arm en skouer is so styf en seer" (Versreël 20) 19.1 Watter vorm van beeldspraak word gebruik? Alliterasie (s-alliterasie) 19.2 Wat is die funksie van die beeldspraak wat gebruik word? Dit bevestig sy pyn en ongemak. 19.3 In watter ander versreël word hierdie woorde amper woord vir woord herhaal? Skryf slegs die nommer van die versreël neer. 2	(1) (1) (1)								
20.	In versreëls 12 en 24 herinner die optrede van die tsotsi ons aan dié van 'n slang. Haal uit strofe 3 en 6 aan om te bewys dat hierdie stelling WAAR is. "sis" – (Versreël 12): "spoeg 'n straal" – (Versreël 24)	(2)								
21.	Haal 'n versreël aan waaruit jy kan aflei dat die tsotsi die blinde man geen genade en rus gun nie. "sy bene so lam van gister se staan" (Versreël 3). "die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag" (Versreël 32).	(1)								
22.	22.1 Watter twee sintuie gebruik die blinde man om sin uit sy donker wêreld te maak? reuk en gehoor 22.2 Haal twee versreëls aan om jou antwoord in 22.1 te bewys. "hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan" (ruik) "sis" die tsotsi en sy asem ruik na bier" (hoor en ruik)	(2) (1)								
23.	Watter woord in strofe 8 dui aan dat die vrou alreeds vir die blinde man geld gegee het? "nog"	(1)								
24.	Pas die stelling in kolom B by die regte rede in kolom A. <table border="1"><thead><tr><th>A</th><th>B</th></tr></thead><tbody><tr><td>1 Die verkeerslig verander na rooi. (Versreël 5)</td><td>A Die bande skuur oor die teer.</td></tr><tr><td>2 Die verkeerslig verander na groen. (Versreël 15)</td><td>B Die bande van die motors knars.</td></tr><tr><td>3 Die verkeerslig verander na rooi. (Versreël 19)</td><td>C Die enjins brul saam.</td></tr></tbody></table> 1 = B/A; 2 = C; 3 = B/A	A	B	1 Die verkeerslig verander na rooi. (Versreël 5)	A Die bande skuur oor die teer.	2 Die verkeerslig verander na groen. (Versreël 15)	B Die bande van die motors knars.	3 Die verkeerslig verander na rooi. (Versreël 19)	C Die enjins brul saam.	(3)
A	B									
1 Die verkeerslig verander na rooi. (Versreël 5)	A Die bande skuur oor die teer.									
2 Die verkeerslig verander na groen. (Versreël 15)	B Die bande van die motors knars.									
3 Die verkeerslig verander na rooi. (Versreël 19)	C Die enjins brul saam.									
25.	Watter soort rym word in hierdie gedig gebruik? Al die strofes het paarrrym, behalwe strofe 6 waar kruisrym voorkom.	(1)								

Downloaded from eduresourceza.com

26.	Pas die aanhaling in Kolom B by die regte stylmiddel in Kolom A.															
	<table border="1"> <thead> <tr> <th>A</th> <th>B</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1 alliterasie E</td> <td>A "sis die tsotsi en sy asem ruik na bier"</td> </tr> <tr> <td>2 assonansie D</td> <td>B "sy arm word geruk en pluk toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik"</td> </tr> <tr> <td>3 klanknabootsing A</td> <td>C "sy hart klop so vinnig soos dié van 'n bang kind"</td> </tr> <tr> <td>4 enjambement D</td> <td>D "ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan"</td> </tr> <tr> <td>5 vergelyking E</td> <td>E "sy arm en nek is so styf en seer"</td> </tr> <tr> <td colspan="2">1 = E; 2 = D; 3 = A; 4 = B; 5 = C</td> </tr> </tbody> </table>	A	B	1 alliterasie E	A "sis die tsotsi en sy asem ruik na bier"	2 assonansie D	B "sy arm word geruk en pluk toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik"	3 klanknabootsing A	C "sy hart klop so vinnig soos dié van 'n bang kind"	4 enjambement D	D "ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan"	5 vergelyking E	E "sy arm en nek is so styf en seer"	1 = E; 2 = D; 3 = A; 4 = B; 5 = C		(5)
A	B															
1 alliterasie E	A "sis die tsotsi en sy asem ruik na bier"															
2 assonansie D	B "sy arm word geruk en pluk toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik"															
3 klanknabootsing A	C "sy hart klop so vinnig soos dié van 'n bang kind"															
4 enjambement D	D "ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan"															
5 vergelyking E	E "sy arm en nek is so styf en seer"															
1 = E; 2 = D; 3 = A; 4 = B; 5 = C																
27.	Waardeur word die nietigheid en eenvoud van die blinde man se lewe beklemtoon? Geen hoofletters word in die gedig gebruik nie.	(2)														
		[50]														

KONTEKSTUELE VRAE - ANTWOORDE

1.	1.1 Wat beteken die titel? 'n Perkamentrol waarvan die skrif afgekrap is, dan kan dit weer gebruik word. (1) 1.2 Hoe pas hierdie titel in die gedig? Bespreek. Hout word gebruik om papier waarop geskryf word, te vervaardig. (1)	
2.	2.1 Wanneer, dink jy, is die lug NIE kreukelloos nie? Wanneer dit bewolk is. / Wanneer daar baie wolke in die lug is. (1) 2.2 Is dit konnotatief of denotatief gebruik? Konnotatief. (alipw nleming) (1) 2.3 Verduidelik jou antwoord. Kreukels is letterlik, bv. jou rok kan gekreukel wees en jy stryk dit om die kreukels uit te stryk. (1)	
3.	Hoe, dink jy, kan bome skryf? Gee ten minste DRIE maniere. Gebruik jou verbeelding. 1. Die blare kan ritsel en beweeg. 2. Die takke kan swaai in die wind en so "skryf". 3. Die kleurverandering in verskillende seisoene. 4. Hulle "skryf" die jaarringe. (3)	
4.	Waarna verwys "die blou" in die eerste strofe? Die blou lug. (1)	
5.	Waarna verwys "pyn ring op ring" moontlik ook? Dit gaan nie net oor die bome nie, maar veel dieper. Dit kan verwys na die mens se tyd op aarde en die pyn wat die mens ervaar. Net soos bome, word die mens ook een of ander tyd "afgekap". (2)	
6.	Hoe vernietig die mens die bome? Die mens kap die bome met byle af. (1)	
7.	Watter soort spreker vind ons in die gedig? 'n Derdepersoon-verteller: "stil net tot hy kletterend met sy tikmasjien" (1)	

8. 8.1 Wat is die tema van hierdie gedig? *destruction* *recreation*
Dit gaan oor die vernietiging en herskepping van veral die natuur. (1)
- 8.2. Verduidelik jou antwoord.
Die bome word vernietig om in die mens se behoeftes te voorsien. Die hout word verwerk tot papier waarop geskryf word. Die bome herleef weer deur die papier waarop ons skryf. Die digter, maar ook ons, skryf op die produk van die bome. (2)
9. Wat beteken "gamma"?
Dis die derde letter van die Griekse alfabet; die "g" in ons alfabet. (1)
10. Gee 'n voorbeeld van kontras of teenstelling in die gedig.
Die stilte van strofe 1 kontrasteer met die "kletterend(e)" klank van die tikmasjien van strofe 2. (1)
11. Waardeur word die woord, "stil" in versreël 8 beklemtoon? Gee twee maniere.
Deur die tipografiese wit, na die kort versreël en die wit tussen die strofes en die kommapunt. Die omgekeerde woordorde / inversie wat "stil" in 'n belangrike posisie plaas en dan ook die herhaling van stil aan die begin van die vlg. strofe. (2)
12. Pas die beeldspraak of stylfigure in KOLOM B by KOLOM A.
- | A | B |
|-------------------|---|
| 1 Klanknabootsing | A. "Meulens saag en maal" |
| 2 Alliterasie | B. "en pulp en plet die hout" |
| 3 Personifikasie | C. "Stil, net tot hy kletterend" |
| 4 Assonansie | D. "Bome skryf teen die blou" (TREES write) |
- 1 = C ; 2 = B ; 3 = D ; 4 = A. (4)
13. Wie is verantwoordelik vir die vernietiging?
Die mens. (1)
14. 14.1 Wat noem ons die herhaling van voegwoorde in versreëls?
polisindeton (1)
- 14.2 Haal die versreëls aan.
"Meulens saag en maal
en pulp en plet die hout" (1)
- 14.3 Wat is die funksie daarvan in die gedig?
Dit beklemtoon die proses. (1)

15.	Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer. In versreël 13 word die woord, "pen", as 'n (selfstandige naamwoord / werkwoord) gebruik. selfstandige naamwoord	(1)
16.	Bespreek die metafoor wat in die laaste strofe gebruik word en verduidelik wat dit beteken. Die pen word 'n skip se mas waarmee hy die toekoms kan invaar. Met sy pen/kwas kan hy teken wat in sy hart, "ribbekas", aangaan en hy kan in sy verbeelding wegvaar en oor die toekoms droom.	(2)
17.	Watter kontras is daar in die betekenis van "pen" in versreël 1 en "pen" in versreël 13? In versreël 13 is die betekenis positief teenoor die negatiewe betekenis in versreël 1.	(2)
18.	Waarom kan ons sê dat hierdie gedig 'n universele tema het? 'n Nuweling is maar altyd eers vreemd en eenkant totdat hy/sy maats gemaak het. Vooroordele teen mense wat van ons verskil, kom orals voor. (Soortgelyk)	(1)
		[30]

1. Hoe beklemtoon die digter die feit dat hierdie gedig oor "kinders" handel?
Die gedig begin met die woord, "kinders", wat ^{alre} alleen in die eerste versreël staan. / ~~daar word gebruik kan alleenplasing~~ (1)
2. Verduidelik die letterlike en figuurlike betekenis van die titel van die gedig.
Letterlik is 'n boekmerk 'n plekwysers in 'n boek. Figuurlik is dit 'n simboliese boekmerk vir kinders, vir wanneer hulle terugdink aan hulle lewe. Die kinders moet onthou hoe aangenaam dit was. (2)
3. 3.1 Wie is die spreker in die gedig?
Die onderwyser. (1)
3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in 3.1.
"met elke skoolklok werk sy namens mossiekind:" - die "sy" werk in 'n skool om die kinders se skooldae gelukkiger te maak. Daar word dus na 'n onderwyser verwys. (1)
4. Pas die regte stylmiddel in Kolom B by die aanhaling in Kolom A.
- | A | B |
|--|-------------------|
| 1 "hande altyd woerende vlerke" | A vergelyking |
| 2 "elke lyfie 'n seilende gesang" | B personifikasie |
| 3 "met wange soos mossies" | C metafoor |
| 4 "vlytig stort die druppels klank oor haar uit" | D klanknabootsing |
- 1 = D; 2 = C; 3 = A; 4 = B. (4)
5. Jasmyn het 'n soet geur. Verduidelik waarom jasmyn vir die spreker "bittersoet" ruik en proe.
Die onderwyser se skooldae was nie net "soet" (aangenaam) nie. Daar was ook "bitter" (slegte) tye. (2)
6. Hoe word die ontevrede vrae van die kinders in versreëls 14 - 21 beklemtoon?
"Waarom" word telkens herhaal. (1)
7. Noem TWEE dinge waaroor kinders kla.
Wiskunde (optel, aftrek, deel); Aardrykskunde "en watter land sit waar" (2)

8.	Watter besluit neem die onderwyser toe sy besef dat haar skooldae ook nie altyd gelukkig was nie. Die onderwyser wil van elke dag 'n boekmerk maak sodat die kinders eendag kan terugblaai en aan hulle skooldae as dae van geluk en genot kan terugdink.	(2)
9.	Verduidelik wie "mossiekind" is. Die leerders	(1)
10.	Hoekom is die leerders in versreël 26 "soldaatjies" en nie meer "mossies" nie? Die kinders word ^{prepared} gereed gemaak om die probleme van die lewe suksesvol te beveg.	(2)
11.	Wat simboliseer dit as 'n mens 'n boekmerk in jou "lewensboek" of herinneringe plaas? Hier is dit 'n plekwysers in die lewe van die kinders. As die kinders aan hulle skooldae terugdink, moet dit wat hulle onthou, aangenaam en gelukkig wees - iets positiefs wat hulle kan saamneem.	(2)
12.	12,1 Haal 'n voorbeeld van sinestesie uit strofe 2 aan. "die <u>reuk</u> van bittersoet jasmyn uit haar skooljare <u>proe</u>" (Versreël 10 en 11) 12,2 Verduidelik die betekenis van sinestesie. Dit is 'n stylfiguur waar die prikkel wat vir een sintuig bedoel is deur 'n ander sintuig waargeneem word ("reuk" en "proe")	(1)
13.	Watter antwoord is NIE korrek nie? 'n "gesang" in versreël 5, is 'n • liefdesliedjie • 'n danklied • 'n pryslied liefdesliedjie ^{sonn of prys}	(1)
14.	Die skoolgang het 'n <u>houtvloer</u>. Haal uit die gedig aan om te bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. ^{stone} "klipyloergang" (Versreël 7)	(1)
15.	Haal EEN woord uit strofe 2 aan wat beteken dat die onderwyser nie kan glo dat sy nie haar skooldae kan onthou nie. "verbaas" ^{sarprise}	(1)
16.	Die onderwyser het <u>ook gekla</u> oor sekere dinge toe sy op skool was. Haal uit die gedig aan om te bewys dat hierdie stelling WAAR is. "waar sy ook kon <u>mor</u> en <u>protesteer</u>:"	(1)
17.	Na watter DRIE skoolvakke word daar in die gedig verwys? Wiskunde, Aardrykskunde en Letterkunde	(3)

18.	Verduidelik waarna versreëls 25 en 26 verwys. "kom ons pars die wind met wange soos soldaatjies" Die "ons" dui daarop dat die onderwyser haarself as een van die kinders sien. Saam gaan hulle sorg dat hulle gereed is vir die lewe wat voorlê en gereed sal wees om die probleme van die lewe te verwerk.	(2)
19.	Verduidelik die betekenis van versreëls 27 en 28. "totdat elkeen net die geur van jasmyn kan boekmerk" Die onderwyser wil elke dag vir die kinders spesiaal maak sodat hulle eendag net mooi, gelukkige herinneringe van hulle skooldae kan hê.	(2)
20.	Noem die rymskema van die gedig. Daar is nie 'n spesifieke rymskema nie - 'n vrye vers.	(1)
21.	Twee soorte leestekens word wel gebruik. 21.1 Noem die twee leestekens wat in die gedig gebruik word. Dubbelpunt en Aandagstreep 21.2 Wat is die funksie van hierdie twee leestekens? Dit beklemtoon die gedeeltes wat volg en gee ook 'n verduideliking na die dubbelpunt.	(2) (2)
22.	22.1 Wat, dink jy, is die boodskap van hierdie gedig? 'n Onderwyser speel 'n belangrike rol in kinders se lewens. 22.2 Wat gebruik die digter om die boodskap van die gedig te beklemtoon? Tipografie (inkeping) - (Versreël 6 en 7; 14 - 21) en die alleenplasing van die woord, "kinders", aan die begin van die gedig.	(1) (1)
		[42]



Die nuwe kind

Peter Strauss

KONTEKSTUELE VRAE - ANTWOORDE

1.	Watter woord in die titel sê vir ons dat die kind nie vantevore in die klas was nie. "nuwe"	(1)
2.	Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer neer. 'n Strofe van vier versreëls staan as 'n ... bekend. A oktaaf B tersine C koeplet D kwatryn D/kwatryn	(1)
3.	Na watter sintuig word in versreël 1 verwys? Oë/oog	(1)
4.	Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer. 4.1 In versreël 1 word die woord "pen" as 'n (selfstandige naamwoord / werkwoord) gebruik. Werkwoord 4.2 Dit beteken hulle (nael / skryf) hom met hulle oë vas. nael	(1) (1)
5.	5.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer neer. In strofe 1 word die woord "ons" as 'n ... gebruik A werkwoord B selfstandige naamwoord C besitlike voornaamwoord D persoonlike voornaamwoord C besitlike voornaamwoord 5.2 Wat suggereer die klem op die "ons"? Die nuwe kind is nie deel van hulle nie en word as 'n indringer of buitestaander beskou.	(1) (1)

6.	6.1 Wat word in strofe 1 oor die nuwe kind se voorkoms gesê? Die nuwe kind se hare is volgens die reëls gesny. (1) 6.2 Watter afleiding kan ons oor die kind se gedrag in strofe 1 maak? Die kind is gehoorzaam/ volg die reëls. (1)
7.	7.1 Watter soort rym word in die gedig gebruik? paarrym (1) 7.2 Dink jy die gebruik van hierdie soort rym in die gedig is funksioneel? Ja, dit sluit by die skool en die skoolreëls se presiesheid aan. (1)
8.	8.1 Wat is die nuwe kind in die gedig se naam? Hector Sobukwe (1) 8.2 Verduidelik die politieke assosiasie wat die naam en van inhou. Die naam Hector herinner aan Hector Pietersen, die 13-jarige seun wat tydens die 1976-opstande in Soweto deur die polisie doodgeskiet is. Die van Sobukwe herinner aan Robert Sobukwe 'n politikus en stigter van die Pan African Congress, wat apartheid wou beëindig. (4)
9.	Haal EEN woord aan wat daarop dui dat die nuwe kind trots op sy herkoms kan wees. "koningskind" (1)
10.	Hector Sobukwe is voor op die wa. Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. Woorde soos "bedees" en "skaam" dui daarop dat hy teruggetrokke is en nie voor op die wa is nie. / Hy gaan sit stil in sy bank. (1)
11.	11.1 Watter ooreenkoms is daar pouses tussen hom en die ander kinders? Sy brood is in 'n Tupperware-bakkie soos hulle s'n. (1) 11.2 Wat is ironies omtrent die bogenoemde inligting? Ten spyte van die feit dat hy soos die ander kinders sy broodjie in 'n Tupperware bak skool toe bring, word hy nog steeds nie deur hulle aanvaar nie. (1)
12.	Wat is die funksie van die woordjie, "maar"? Die woord, "maar", dui op 'n wending (verandering). (1)
13.	13.1 Watter emosie ervaar hy in versreël 11? Eensaamheid (1) 13.2 Hoe word die emosie beklemtoon? Die komma voor en na die woord, "alleen", hef die woord uit. (1)
14.	Wat doen hy wanneer hy onder die boom gaan staan? Hy droom. He dreams (1)

15.	Waarna verwys "ring op ring"? Daar kan twee betekenisse wees. Dink aan bou en water. Dit sluit aan by die boomringe. Wanneer die boom afgekap word, word dit stil, maar dan word die hout papier. Die digter tik sy gedigte op papier en dan rimpel die boodskap "ring op ring" verder uit. (As jy 'n klippie in die water gooi, kring dit uit)	(2)
16.	Waaroor, dink jy, gaan die gedig wat die digter op sy tikmasjien tik? Moontlik vertel hy die storie van die boom, vernietiging en herskepping.	(2)
17.	Wat is die funksie van enjambement? Enjambement versnel die tempo, want jy lees aaneen, sonder om te stop.	(2)
18.	Gee 'n voorbeeld van binnerym uit die gedig. "en pyn ring op ring"	(1)
19.	Watter soort vers is dit as daar nie 'n vaste rymskema is nie? Vrye vers	(2)
20.	20.1 Gaan dit net oor die skryfproses in die gedig? Motiveer jou antwoord. Sê net: JA of NEE <u>Nee</u> 20.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. Dit gaan ook oor die "gamma van woord", want die mens skryf op die papier en dit gaan dus ook oor die mens se tyd op aarde en die pyn wat hy soos die "boom" by tye ervaar.	(1) (2)
21.	Waarom kan ons die gedig 'n moderne Engelse sonnet noem? Dit het die bou en beeld en toepassing van die Engelse sonnet, maar die rymskema verskil heeltemal.	(3)
22.	Noem die VYF prosesse waardeur die hout gaan. ^{drop} ^{saw} ^{wood} ^{wood} Vel, saag, maal, pulp en plet.	(5)
23.	Wat is die verband tussen "grein" en "dein"? Die "grein" is die hout wat tot papier verwerk word, dan "dein" dit uit en herleef.	(2)
		[50]



KONTEKSTUELE VRAE - ANTWOORDE

1.	Watter inligting gee die titel oor die inhoud van die gedig? Die gedig is 'n lied wat die roem en eer van 'n besondere mens besing.	(1)
2.	'n Sinoniem vir die woord, "pryslied" is: A. Volkslied B. Klaaglied C. Huldeblyk D. Loflied D Loflied	(1)
3.	Aan wie het die digter die gedig opgedra? Aan Nelson Mandela	(1)
4.	4.1 Haal EEN woord aan wat verwys na die Uniegebou in Pretoria. "sandkliphart" 4.2 Verduidelik hoekom hierdie beskrywing funksioneel is. Die Uniegebou is van sandsteen gebou op die hoogste punt van Pretoria en word die hart van Pretoria genoem. 4.3 Met watter gebeurtenis word die beeld in strofe 1 geassosieer? Die inhuldiging van Nelson Mandela as president van Suid-Afrika. 4.4 Watter datum word met hierdie gebeurtenis geassosieer? 10 Mei 1994	(1) (1) (1) (1)
5.	5.1 Haal EEN versreël aan wat aandui dat die "hy" lank was. "kop en skouers staan hy bo almal uit" 5.2 Verduidelik die konnotatiewe betekenis van hierdie aanhaling. Hy is beter as die ander mense. / Hy het eienskappe bv. leierskap, wysheid, medemenslikheid wat hom bo ander laat uitstaan. 5.3 Hoe word hierdie versreël beklemtoon? Hierdie versreël word deur alliterasie beklemtoon.	(1) (1) (1)
6.	Wat impliseer die woorde "houtskool en as"? Hy begin grys word.	(1)
7.	Wat impliseer die woorde "sandkleurige seun"? Sandsteen het 'n ligte kleur en dit impliseer Mandela se ligte velkleur.	(1)

KONTEKSTUELE VRAE - ANTWOORDE

1.	Hoeveel strofes is daar in hierdie gedig? Tien	(1)
2.	2.1 Wat is 'n haikoe? 'n Haikoe is oorspronklik 'n liriese Japannese digvorm uit die 13de eeu. 2.2 Noem DRIE kenmerke van 'n haikoe. Dit is 'n rymlose vers. Elke strofe bestaan uit drie versreëls. Daar is sewentien lettergrepe in 'n haikoe. 2.3 Verduidelik hoe die sewentien lettergrepe gewoonlik versprei is in 'n haikoe. Daar is vyf lettergrepe in die eerste versreël. Daar is sewe lettergrepe in die tweede versreël. Daar is vyf lettergrepe in die derde versreël. 2.4 Wat is kenmerkend omtrent die inhoud van 'n haikoe? Noem TWEE kenmerke. Die inhoud sê baie met min woorde. Die inhoud spreek die leser se emosies en gevoelservaring aan.	(1) (3) (3) (2)
3.	3.1 Watter dorpsnaam word in die titel genoem? Vredefort 3.2 In watter provinsie is hierdie dorp? In die Noord-Vrystaat 3.3 Waarvoor staan hierdie dorp bekend? Die dorp is bekend vir die grootste impakkrater op aarde. 3.4 Ná watter gebeurtenis het hierdie dorp wêreldberoemd geword? Nadat die meteoriet Vredefort getref het en die krater veroorsaak het, het die dorp wêreldberoemd geword.	(1) (1) (1) (1)
4.	4.1 Waarna verwys die "klipvuur"? Na die meteoriet. 4.2 Watter soort beeldspraak word in haikoe 1 aangetref? Personifikasie 4.3 Dink jy die digter se beeldspraak is funksioneel? Ja, die slag waarmee die meteoriet die aarde getref het, kan met 'n harde vuishou vergelyk word.	(1) (1) (1)
5.	Haal SES agtereenvolgende woorde aan wat daarop dui dat die meteoriet alle lewe op Vredefort vernietig het. "klap lewe uit die aarde uit"	(1)

15.	Wat is die funksie van die herhaling van "kom" in die koeplet? Dit beklemtoon die uitdaging aan die storm.	(1)
16.	Noem TWEE teenstellings /kontraste in die gedig. 1. "donkerte" en "lig." 2. "hierbinne" en "daarbuite"	(2)
		[50]